- (h) who, having convened a public meeting or entertainment in the location, allows such meeting or entertainment to continue beyond midnight without the approval of the superintendent or beyond the extension of time granted by the superintendent in terms of regulation 9 (2) of this Chapter; or
- (i) who collects money from persons in the location without having obtained the prior approval of the superintendent in terms of regulation 9 (3) of this Chapter; or
- (j) who erects a dwelling or outbuilding which does not conform to the approved plans or who fails to comply with the instructions and directions issued to him in terms of regulation 37 (10) of this Chapter; or
- (k) who, having been the holder of a site or residential permit or residential certificate, fails or refuses to leave the location immediately upon the cancellation of such permit or certificate in terms of regulation 40 (1), (2), (7), or (8) of this Chapter; or
- (l) who fails, neglects or refuses to obey an order issued in terms of regulation 41 (1) of this Chapter; or
- (m) who contravenes or fails to comply with the provisions of regulation 43 of this Chapter; or
- (n) who fails to pay any amount for which he is liable in terms of regulation 29 of this Chapter, within one month of the date on which such amount has become due and payable,

shall be guilty of an offence and shall be subject to the penalties prescribed in section 36 of the Proclamation.

### CHAPTER III

#### HOSTELS

##### APPOINTMENT OF HOSTEL SUPERINTENDENT

1. The Council shall in respect of each hostel appoint an official, known as the hostel superintendent, to manage the hostel in terms of these regulations and in accordance with such lawful instructions as he may from time to time receive from the manager.

2. The regulations in this Chapter shall apply to and be of full force and effect within any area under the jurisdiction of the Council, which has been declared a Native hostel or which may hereafter be declared as such in terms of the Proclamation.

##### DUTIES OF THE HOSTEL SUPERINTENDENT

3. The hostel superintendent shall —

- (1) when required to do so by the Council, submit written reports on the conditions in and the management of the hostel. Such reports shall be available for inspection by an official appointed under section 21 (3) of the Proclamation;
- (2) ensure that copies of these regulations, in English, Afrikaans and the Native language used by the majority of the residents of the hostel, are placed and maintained in a conspicuous place on a public notice board at the office of the hostel superintendent, for the information of such residents;
- (3) allot to each bed in the hostel a number and shall ensure that the number allotted is legibly painted or inscribed in a conspicuous place at the head of the bed;

- (h) wat nadat hy 'n openbare vergadering of vermaaklikheid in die lokasie belê het, toelaat dat sodanige vergadering of vermaaklikheid later as middernag voortgesit word sonder die goedkeuring van die superintendent of later as die verlengde tyd wat deur die superintendent kragtens regulasie 9 (2) van hierdie Hoofstuk goedgekeur is;
- (i) wat sonder dat die goedkeuring van die superintendent vooraf verkry is kragtens regulasie 9 (3) van hierdie Hoofstuk van persone in die lokasie geld kollekteer; of
- (j) wat 'n woning of buitegebou oprig wat nie ooreenstem met goedgekeurde planne nie, of wat nie die opdragte en voorskrifte ingevolge regulasie 37 (10) van hierdie Hoofstuk aan hom uitgereik, nakom nie; of
- (k) wat die houer van 'n perseel- of woonpermit of bewoningssertifikaat was, en versuim om weier om die lokasie onverwyld te verlaat na intrekking van sodanige permit of sertifikaat ingevolge regulasie 40 (1), (2), (7) of (8) van hierdie Hoofstuk; of
  - (l) wat versuim, nalaat of weier om gehoor te gee aan 'n bevel uitgereik ingevolge regulasie 41 (1) van hierdie Hoofstuk; of
- (m) wat die bepalinge van regulasie 43 van hierdie Hoofstuk oortree of versuim om daaraan te voldoen; of
- (n) wat versuim om enige bedrag te betaal waarvoor hy ingevolge regulasie 29 van hierdie Hoofstuk aanspreeklik is, binne een maand na die datum waarop sodanige bedrag verskuldig en betaalbaar geword het,

begaan 'n misdryf en is strafbaar met die strawwe voorgeskryf in artikel 36 van die Proklamasie.

### HOOFSTUK III.

#### TEHUISE.

##### AANSTELLING VAN TEHUISSUPERINTENDENT.

1. Ten aansien van elke tehuis stel die Raad 'n amptenaar, bekend as die tehuissuperintendent, aan om die tehuis te bestuur ooreenkomstig hierdie regulasies en in ooreenstemming met sodanige wettige opdragte as wat hy van tyd tot tyd van die bestuurder ontvang.

2. Die regulasies in hierdie Hoofstuk is van toepassing op en is geldig en van krag in enige gebied onder die regsbevoegdheid van die Raad wat tot 'n inboorlingtehuis verklaar is of hierna verklaar word ingevolge die bepalinge van die Proklamasie.

##### PLIGTE VAN TEHUISSUPERINTENDENT.

3. Die tehuissuperintendent moet —

- (1) wanneer die Raad dit vereis, skriftelik verslag doen van die toestand in en die bestuur van die tehuis. Sodanige verslae lê ter insae van 'n amptenaar wat by artikel 21 (3) van die Proklamasie aangestel is;
- (2) toesien dat afskrifte van hierdie regulasies in Engels en Afrikaans en in die inboorlingtaal wat deur die meeste inwoners in die tehuis gebesig word ter inligting van sodanige inwoners op 'n ooglopende plek in die tehuis en by die kantoor van die tehuissuperintendent geplaas word;
- (3) aan elke bed in die tehuis 'n nommer toeken, en toesien dat die toegekende nommer leesbaar geverf of opgeskryf word op 'n ooglopende plek aan die koppen van die bed;

- (4) allot a number to each bedroom in the hostel and such number shall be painted or inscribed in a conspicuous place on the door of such bedroom. The numbers allotted to beds in such room shall likewise be indicated on the outside of the door;
- (5) provide receptacles for rubbish or litter of any kind;
- (6) ensure that all floors, passages, stairways, ablution blocks, conveniences and pathways are kept in a clean and hygienic condition; and
- (7) keep a register of all residents of the hostel. The name, employer's name, service contract or exemption certificate number and tax identity of each resident shall be entered in such register.

#### RIGHT OF ENTRY

4. The hostel superintendent, his assistants or any other employee of the Council authorised by the manager, or any official appointed in terms of section 21 (1) or (3) of the Proclamation, may, in the performance of his duties, enter any room in the hostel for such investigation, inspection or action as may be deemed necessary.

#### MEDICAL OFFICER OF HEALTH

5. (1) The medical officer of health may at any reasonable time enter and inspect those premises on which he has reason to believe that any person suffering or who has recently suffered from any infectious or contagious disease is or has recently been present or any resident of which has recently been exposed to the infection of any infectious or contagious disease, and may medically examine any person on such premises for the purpose of ascertaining whether such person is suffering or has recently suffered from any such disease.

(2) Where, in the opinion of the medical officer of health, any person found to be suffering from any infectious or contagious disease is not being treated or nursed in such manner as adequately to guard against the spread of the disease, such person may, on the order of the medical officer of health, be removed from the hostel and refused admission thereto until the medical officer is satisfied that he is free from infection or can be readmitted to the hostel without danger to public health.

#### TERMS AND CONDITIONS OF RESIDENCE IN A

#### HOSTEL

6. The following terms and conditions shall apply to residence in the hostel:—

- (1) Charges for accommodation shall be paid in advance at the rates laid down in Annexure V to these regulations.
- (2) No resident of a hostel shall relinquish or transfer his right to a bed, acquired by virtue of a payment under subregulation (1) above, without the written consent of the hostel superintendent.
- (3) No application shall be entertained for a part refund of an amount paid under subregulation (1) if claimed in respect of a night or nights not spent in a hostel.
- (4) Any resident of a hostel who has paid for a bed and who through unforeseen circumstances is compelled to give up such bed and leave the hostel before the period paid for has expired, may apply for a refund of such amount, less the amount he

- (4) aan elke slaapkamer in die tehuis, 'n nommer teken, en dié nommer moet op 'n ooglopende plek aan die deur van sodanige slaapkamer geveerf of opgeskryf word. Die nommers wat aan beddens in sodanige kamer toegeken is, moet insgelyks aan die buitekant van die deur aangedui word;
- (5) bakke verskaf vir vullis of rommel van watter aard ook al;
- (6) toesien dat alle vloere, gange, trappe, reinigings-blokke, geriewe en paadjies in 'n skoon en higiëniese toestand gehou word; en
- (7) 'n register hou van alle inwoners in die tehuis. Die naam, naam van werkgewer, dienskontrak of vrystellingsertifikaatnommer, en belastingsidentiteit van elke inwoner moet in sodanige register aange-teken word.

#### REG VAN TOEGANG.

4. Die tehuissuperintendent, sy assistente of 'n ander werknemer van die Raad wat deur die bestuurder daartoe gemagtig is, of 'n amptenaar wat kragtens artikel 21 (1) of (3) van die Proklamasie aangestel is, kan by die uitvoering van sy pligte, enige vertrek in die tehuis binnegaan vir die doel van sodanige ondersoek, inspeksie of optrede as wat nodig geag word.

#### GENEESKUNDIGE GESONDHEIDSBEAMPTTE.

5. (1) Die geneeskundige gesondheidsbeampte kan op enige redelike tydstip die perseel betree en ondersoek as hy vermoed dat iemand wat aan 'n besmetlike of aansteeklike siekte ly of onlangs daaraan gely het, daarop teenwoordig is of onlangs was, of dat 'n inwoner daarvan onlangs aan die besmetting van 'n besmetlike of aansteeklike siekte blootgestel was, en hy kan enige persoon op sodanige perseel medies ondersoek om vas te stel of sodanige persoon aan enige sodanige siekte ly of onlangs daaraan gely het.

(2) Waar 'n persoon wat aan 'n besmetlike of aansteeklike siekte ly, na die mening van die geneeskundige gesondheidsbeampte, nie op so 'n wyse behandel of verpleeg word dat daar doeltreffend gewaak word teen die verspreiding van die siekte nie, kan sodanige persoon op las van die geneeskundige gesondheidsbeampte uit die tehuis verwyder word en toegang daartoe geweier word totdat die geneeskundige gesondheidsbeampte oortuig is dat hy vry van besmetting is of sonder gevaar vir die openbare gesondheid weer tot die tehuis toegelaat kan word.

#### BEPALINGS EN VOORWAARDES VAN INWONING IN DIE TEHUIS.

6. Onderstaande bepalings en voorwaardes is van toepassing op inwoning in die tehuis:—

- (1) Vorderings vir huisvesting is vooruitbetaalbaar teen die tariewe in Aanhangsel V van hierdie regulasies bepaal.
- (2) Geen inwoner van die tehuis mag, sonder die skriftelike toestemming van die tehuissuperintendent, afstand doen van sy reg op 'n bed, verkry teen betaling ingevolge subregulasie (1) hierbo, of dit aan 'n ander persoon oordra nie.
- (3) Geen aansoek om 'n gedeeltelike terugbetaling van 'n bedrag ingevolge subregulasie (1) betaal, wat geëis word ten opsigte van 'n nag of nagte wat nie in 'n tehuis deurgebring is nie, mag oorweeg word nie.
- (4) Enige inwoner van 'n tehuis wat vir sy bed betaal het, en wat weens onvoorsiene omstandighede verplig is om sodanige bed prys te gee en die tehuis te verlaat voordat die tydperk waarvoor hy betaal het, verstryk het, kan aansoek doen om terugbe-

would have paid up to the time of his departure, calculated on a daily tariff basis.

- (5) No resident of a hostel to whom a bed has been allotted shall remove therefrom for the purpose of occupying another bed without the written consent of the hostel superintendent.
- (6) Every resident shall at all times keep the portion of a room allotted to him, and the communal dining-room, ablution, washing and sanitary facilities in a clean and orderly condition.
- (7) If the presence of vermin is suspected, all personal effects of any resident, together with his bed and mattress, may, on the instructions of the hostel superintendent, be removed to the fumigation chamber for deverminising.
- (8) Clothing shall be washed only in the communal washhouse provided for this purpose.
- (9) Eating utensils shall be washed only in the properly appointed washing places.
- (10) No fire shall be made or kept in any bedroom.
- (11) Any resident in possession of a bicycle shall, when such bicycle is not in use, store it at his own risk in the shed provided for the purpose.
- (12) The Council shall not be liable for any loss by theft or otherwise of any valuables, clothing or other articles belonging to any person residing in a hostel unless such article or articles has or have been specially entrusted to the hostel superintendent for safekeeping.
- (13) Should any resident of a hostel, after due warning by the hostel superintendent or his authorised assistants, persist in contravening or ignoring the terms and conditions of residence in the hostel as set out in these regulations, the hostel superintendent may serve written notice on such resident ordering him to leave the hostel within seven days or at the expiry of such period as he might have paid for in advance, whichever is the shorter.

#### APPLICATION FOR ACCOMMODATION

7. The term "accommodation" where used in the succeeding regulation shall mean the right to occupy a bed or a bed and mattress in a hostel and the use of such communal sanitary, ablution and clothes-washing facilities and other services as may be provided.

8. Any male Native over the apparent age of 18 years who desires accommodation in a hostel shall personally or through his employer apply to the hostel superintendent for accommodation and the hostel superintendent, on being satisfied that a bed or a bed and mattress are available and that the applicant —

- (1) is a fit and proper person to reside in the hostel;
- (2) is in *bona fide* employment in the urban area or is carrying on some lawful occupation therein;
- (3) is lawfully entitled to enter, be and remain in the urban area; and
- (4) understands, accepts and undertakes to abide by the terms and conditions of residence in the hostel as laid down under these regulations,

may on payment by the applicant of the charges for which he is liable in accordance with the tariff of charges, allot to him a bed and issue him with a permit (herein-

taling van sodanige bedrag, min die bedrag wat hy tot op datum van sy vertrek sou betaal het, bereken op 'n daaglikse tariefbasis.

- (5) Geen inwoner van 'n tehuis aan wie 'n bed toegeken is, mag dit, sonder die skriftelike toestemming van die tehuissuperintendent, verlaat met die doel om 'n ander bed te gebruik nie.
- (6) Elke inwoner moet op alle tye die gedeelte van 'n kamer wat aan hom toegeken is, en die gemeenskaplike eetkamer, reinigings-, was- en sanitêre geriewe in 'n skoon en netjiese toestand hou.
- (7) Indien die aanwesigheid van ongedierte vermoed word, kan alle persoonlike besittings van enige inwoner, tesame met sy bed en matras, op las van die tehuissuperintendent na die berokingslokaal verwyder word om van die ongedierte ontslae te raak.
- (8) Klere mag slegs in die gemeenskaplike washuis wat vir dié doel verskaf is, gewas word.
- (9) Eetgerei mag slegs in die behoorlike toegeruste wasplekke gewas word.
- (10) Geen vuur mag in enige slaapkamer aangesteek of aan die brand gehou word nie.
- (11) Enige inwoner wat in besit is van 'n fiets, moet sodanige fiets, wanneer dit nie gebruik word nie, op sy eie risiko bêre in die fietsloods wat vir die doel verskaf is.
- (12) Die Raad is nie aanspreeklik nie vir enige verlies van waardevolle artikels, kledingstukke of ander artikels wat behaart aan enige persoon wat in 'n tehuis woon, hetsy weens diefstal of andersins, tensy sodanige artikel of artikels spesiaal aan die tehuissuperintendent vir bewaring toevertrou is.
- (13) Indien enige inwoner in 'n tehuis, na behoorlike waarskuwing deur die tehuissuperintendent of sy daartoe gemagtigde assistente, nog steeds die bepalings en voorwaardes van inwoning in die tehuis, soos in hierdie regulasies uiteengesit, oortree of verontagsaam, kan die tehuissuperintendent aan sodanige inwoner skriftelike kennisgewing beteken waarin hy hom gelas om die tehuis binne sewe dae of na verstryking van sodanige tydperk as waarvoor hy vooruitbetaal het, te verlaat, naamlik die kortste tydperk.

#### AANSOEK OM HUISVESTING.

7. Die uitdrukking „huisvesting”, waar dit in die volgende regulasie gebruik word, beteken die reg om 'n bed of 'n bed en matras in 'n tehuis te okkupeer en die gebruik van sodanige gemeenskaplike sanitêre-, reinigings- en klerewasgeriewe en ander dienste wat verskaf word.

8. Enige manlike inboorling bo die skynbare ouderdom van 18 jaar, wat verlang om huisvesting in 'n tehuis te verkry moet òf persoonlik òf deur bemiddeling van sy werkgewer, by die tehuissuperintendent om huisvesting aansoek doen, en die tehuissuperintendent kan, indien hy daarvan oortuig is dat 'n bed of 'n bed en matras beskikbaar is en dat die applikant —

- (1) 'n geskikte persoon is om in die tehuis te woon;
- (2) *bona fide* in diens is in die stadsgebied of dat hy die een of ander wettige ambag daarin beoefen;
- (3) wettig daartoe geregtig is om die stadsgebied binne te kom, daar te wees en daar te bly; en
- (4) die bepalings en voorwaardes van inwoning in die tehuis, soos bepaal by hierdie regulasies, verstaan, aanneem en onderneem om hom daaraan te hou,

teen betaling deur die applikant van die gelde waarvoor hy ooreenkomstig die tarief van gelde aanspreeklik is, 'n bed aan hom toeken en 'n permit aan hom uitreik (hier-

after referred to as a hostel permit) entitling him to be accommodated in the hostel specified in such permit for the period for which he shall have paid.

9. Whenever a bed has been allotted to a resident of a hostel in terms of these regulations, he shall satisfy himself that such bed or bed and mattress is in good order and condition. Any defect shall immediately be brought to the notice of the hostel superintendent who shall keep a record of such defects.

10. The hostel superintendent may require any applicant for residence in the hostel to produce a medical certificate proving that he is medically fit to reside in the hostel.

11. (1) Should a resident of a hostel absent himself or fail to occupy the bed allotted to him for a period of three consecutive days without advising the hostel superintendent of his intention so to absent himself, the hostel superintendent shall have the right to reallot such bed forthwith.

(2) Any personal effects of such resident found in the quarters formerly occupied by him shall be retained in safe custody by the hostel superintendent and if unclaimed within a period of three months shall be sold to the best advantage and the proceeds paid to the Native Commissioner for safekeeping on behalf of the Native concerned: Provided that, subject to the laws governing the administration and distribution of Native estates, nothing in this paragraph contained shall be deemed to deprive the heir of any resident who dies, of his right to the personal effects of such resident, or if such effects have been sold in terms of this paragraph, of the right to the proceeds of the sale.

(3) The hostel superintendent shall keep a register in which shall be recorded —

- (a) full particulars of all such effects so retained and placed in safe custody;
- (b) the date on which such effects were so retained and the name and bed number of the owner; and
- (c) the signature or thumb-print of the person claiming ownership and to whom delivery has been made; or full particulars of the amount realised from the sale of such effects on the date of such sale.

12. The holder of a hostel permit issued in his name in terms of regulation 8 of this Chapter shall, during the currency thereof, be deemed to be in possession of a permit to enter any Native village or location under the control of the Council, provided the hostel in which he resides is situated within any such location.

#### GENERAL

13. No unauthorised person shall enter, be or remain at any hostel without the written consent of the hostel superintendent or some person duly authorised thereto by the location superintendent.

14. No person shall disturb the peace within the precincts of any hostel or the hostel grounds by shouting, wrangling, quarrelling, swearing or by using obscene, abusive, insulting or threatening language, or by unseemly, disorderly or violent behaviour.

15. No person shall in any hostel or hostel grounds, defecate or urinate in any place other than a lavatory or urinal provided for the purpose.

onder 'n tehuispermit genoem) wat aan hom die reg verleen om in die tehuis wat in die permit gespesifiseer word, gehuisves te wees vir die tydperk waarvoor hy betaal het.

9. Wanneer ook al 'n bed ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasies aan 'n inwoner in die tehuis toegeken is, moet hy hom daarvan vergewis dat sodanige bed of bed en matras in 'n goeie toestand is. Enige defek moet onmiddellik onder die aandag gebring word van die tehuissuperintendent wat 'n register van sodanige defekte moet hou.

10. Die tehuissuperintendent kan vereis dat enige aplikant vir inwoning in die tehuis 'n mediese sertifikaat moet toon as bewys dat hy medies geskik is om in die tehuis te woon.

11. (1) Indien 'n inwoner van 'n tehuis afwesig sou wees of nie die bed wat aan hom toegeken is vir 'n tydperk van drie agtereenvolgende dae gebruik nie sonder om die tehuissuperintendent in kennis te stel van sy voorneme om aldus afwesig te wees, het die tehuissuperintendent die reg om sodanige bed onmiddellik aan iemand anders toe te ken.

(2) Enige persoonlike besittings van sodanige inwoner wat gevind word in die kwartiere voorheen deur hom bewoon, moet deur die tehuissuperintendent in veilige bewaring gehou word, en indien dit nie binne 'n tydperk van drie maande opgeëis word nie, moet dit so voordelig moontlik verkoop en die opbrengs by die Naturelle-kommissaris inbetaal word vir veilige bewaring ten behoewe van die betrokke inboorling: Met dien verstande dat, behoudens die wette insake die bereddering en verdeling van inboorlingboedels, geen bepaling in hierdie paragraaf vervat, geag word as sou dit die erfgenaam van enige inwoner wat sterf sy reg op die persoonlike besittings van sodanige inwoner ontnem nie, of indien sodanige persoonlike besittings ingevolge hierdie paragraaf verkoop is, sy reg op die opbrengs van die verkoping.

(3) Die tehuissuperintendent moet 'n register hou waarin die volgende opgeteken word:—

- (a) volledige besonderhede van al sodanige besittings aldus gehou en in veilige bewaring geplaas;
- (b) die datum waarop sodanige besittings aldus gehou is en die naam en bednommer van die eienaar; en
- (c) die handtekening of duimafdruk van die persoon wat aanspraak maak op die eiendomsreg en aan wie die besittings oorhandig is; of volle besonderhede van die opbrengs van die verkoping van sodanige besittings en die datum van sodanige verkoping.

12. Die houër van 'n tehuispermit wat ooreenkomstig regulasie 8 van die Hoofstuk op sy naam uitgereik is, word vir die geldigheidsduur daarvan geag in besit te wees van 'n permit om enige inboorlingdorp of — lokasie onder beheer van die Raad binne te gaan, mits die tehuis waarin hy woon, binne enige sodanige lokasie geleë is.

#### ALGEMEEN.

13. Geen ongemagtigde persoon mag sonder die skriftelike toestemming van die tehuissuperintendent, of van die een of ander persoon wat behoorlik deur die lokasiesuperintendent daartoe gemagtig is, 'n tehuis binnegaan, daarin wees of bly nie.

14. Niemand mag die rus binne die grense van die tehuis of die tehuisterrein verstoer deur te skreeu, te twis, rusie te maak, te vloek of vuil, skel-, beledigende of dreigende taal te gebruik, of weens onbetaamlike oproerige of gewelddadige gedrag nie.

15. Niemand mag in enige tehuis of tehuisterrein hom op enige plek ontlast of urineer behalwe in 'n latrine of urinoir wat vir die doel verskaf is nie.

16. No person shall conduct or carry on any game or entertainment in any hostel which from its character is likely to create a disturbance or be a nuisance or annoyance to the residents or be indecent or subversive of good morals.

17. No female shall enter any hostel or hostel grounds without the written consent of the hostel superintendent.

18. Any person resident in any hostel —

- (a) who is unemployed for more than three days; or
- (b) who is certified by a registered medical practitioner to be suffering from an infectious or contagious disease; or
- (c) who has been convicted of a criminal offence committed in any hostel or hostel area; or
- (d) fails to comply with any of the terms and conditions of residence in the hostel,

may be required by the hostel superintendent to cease to reside in such hostel, and in such event shall forthwith leave such hostel and hostel area, and his hostel permit shall cease to be valid.

19. Where a resident applies to the hostel superintendent for a duplicate of his current hostel permit, the hostel superintendent shall issue a duplicate on payment of a fee of 10 cents, provided that such resident satisfies him that such hostel permit has been lost, destroyed or mutilated.

20. No person shall bring into or keep in or cause to be brought into or kept in any hostel or hostel area any animal or any noisy or offensive thing.

21. No person shall tamper with, deface or damage any notice put up in any hostel or hostel area by the superintendent or on his authority.

22. No person shall gamble in any hostel or hostel area.

#### TARIFF OF CHARGES

23. Every person accommodated in a hostel in terms of these regulations shall pay to the Council in advance at the office of the hostel superintendent, the amounts set out in Annexure V to these regulations.

#### ACTION FOR RECOVERY OF CHARGES

24. Any person accommodated in a hostel in terms of these regulations, on failing to pay any amount for which he may be liable under these regulations, shall forthwith vacate the bed allotted to him and leave such hostel. Failure on the part of any person so to vacate shall constitute an offence and the court convicting may, in addition to any penalty imposed —

- (i) order the payment by such person of any amount due to the Council within such period as the Court may specify;
- (ii) grant an order for the ejection of such person from such hostel.

#### OFFENCES AND PENALTIES

25. Any person who —

- (a) contravenes or fails to comply with the provisions of regulation 13, 14, 15, 16, 17, 20, 21, 22 or 24 of this Chapter; or
- (b) obstructs the hostel superintendent, his assistants or any other authorised employee of the Council

16. Niemand mag enige spel of vermaaklikheid binne enige tehuis bestuur, of daaraan deelneem, wat uit die aard daarvan waarskynlik 'n stoornis kan veroorsaak of tot 'n oorlas kan wees van of aanstoot kan gee aan die inwoners, of wat onbetaamlik is of wat sedelike gedrag kan ondermyn nie.

17. Geen vroulike persoon mag sonder die skriftelike toestemming van die tehuissuperintendent enige tehuis of tehuisterrein binnegaan nie.

18. Enige inwoner in enige tehuis —

- (a) wat vir meer as drie dae werkloos is; of
- (b) van wie 'n geregistreerde geneesheer sertifiseer dat hy aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte of kwaal ly; of
- (c) wat skuldig bevind is aan 'n strafbare misdryf wat in enige tehuis of tehuisgebied begaan is; of
- (d) wat nie aan enige van die verblyfvoorwaardes in die tehuis voldoen nie,

kan deur die tehuissuperintendent aangesê word om nie langer in die tehuis in te woon nie, en in dié geval moet hy onverwyld sodanige tehuis en tehuisgebied verlaat, en sy tehuispermit hou op om geldig te wees.

19. Wanneer 'n inwoner by die tehuissuperintendent aansoek doen om 'n duplikaat van sy geldige tehuispermit, reik die tehuissuperintendent 'n duplikaat uit by betaling van 'n bedrag van 10 sent, mits sodanige inwoner hom daarvan oortuig dat sodanige tehuispermit verlore geraak het of vernietig of geskend is.

20. Niemand mag 'n dier of 'n raserige of aanstootlike ding in enige tehuis of tehuisgebied inbring of hou of laat inbring of hou nie.

21. Niemand mag aan 'n kennisgewing wat in enige tehuis of tehuisgebied deur die tehuissuperintendent of op sy gesag aangebring is, peuter, dit skend of beskadig nie.

22. Niemand mag in enige tehuis of tehuisgebied dobbel nie.

#### TARIEF VAN VORDERINGS.

23. Elke persoon wat ooreenkomstig hierdie regulasies in 'n tehuis gehuisves is, moet aan die Raad in die kantoor van die tehuissuperintendent sodanige bedrae vooruitbetaal as wat in Aanhangsel V van hierdie regulasies uiteengesit is.

#### AKSIE VIR DIE VERHAAL VAN VORDERINGS.

24. Enige persoon wat ooreenkomstig hierdie regulasies in 'n tehuis gehuisves is en wat versuim om enige bedrag waarvoor hy ingevolge hierdie regulasies aanspreeklik is, te betaal, moet onmiddellik die bed aan hom toegeken, ontruim en sodanige tehuis verlaat. As enige persoon versuim om sodanige bed aldus te ontruim, begaan hy 'n misdryf en die hof wat hom skuldig bevind, kan, benewens enige straf wat hy opgelê het —

- (i) beveel dat sodanige persoon enige bedrag aan die Raad verskuldig binne sodanige tydperk as wat die hof bepaal, moet betaal;
- (ii) 'n bevel uitreik vir die uitsetting van sodanige persoon uit sodanige tehuis.

#### MISDRYWE EN STRAFBEPALINGS.

25. Iemand —

- (a) wat die bepalinge van regulasies 13, 14, 15, 16, 17, 20, 21, 22 of 24 van hierdie Hoofstuk oortree of versuim om daaraan te voldoen; of
- (b) wat die tehuissuperintendent, sy assistente, of 'n ander gemagtigde werknemer van die Raad hinder

in the execution of their duties in terms of these regulations; or

- (c) refuses to allow the medical officer of health to examine him in terms of the provisions of regulation 5 of this Chapter or re-enters the hostel after he has been removed therefrom in terms of the said regulation, and before he has been readmitted; or
- (d) fails, neglects or refuses to obey an order issued in terms of regulation 6 (13) of this Chapter, or who, having obeyed such order, re-enters the hostel without the approval of the hostel superintendent; or
- (e) who, having been a resident of the hostel, fails or refuses to leave the hostel immediately upon being instructed so to do by the hostel superintendent in terms of the provisions of regulation 18 of this Chapter,

shall be guilty of an offence and shall be subject to the penalties prescribed in section 36 of the Proclamation.

#### CHAPTER IV

##### COMMUNAL HALLS

###### APPLICATION FOR HIRE

1. Any person desiring to hire a hall shall make application therefor to the superintendent and shall furnish such particulars as may be required from time to time.

###### GRANTING OF APPLICATION

2. The granting of any application for the hire of a hall shall be in the sole and absolute discretion of the superintendent.

###### TARIFF FOR HIRE

3. (1) The tariff for the hire of a hall shall be as set out in Annexure V to these regulations. All payments for the hire of a hall shall be made in advance at the office of the superintendent.

(2) The superintendent may, in his discretion, demand and require from the applicant a deposit not exceeding R10 to indemnify the Council against any breakage, loss of or damage to any property of the Council.

###### RESPONSIBILITY OF HIRER

4. The hirer shall at the expiry of the period of hire —

- (a) leave the hall in a clean, tidy and sanitary condition;
- (b) remove any furniture brought therein by him or on his behalf during the period of hire;
- (c) replace and rearrange any furniture or like fittings forming part of the normal equipment of the hall and removed therefrom or displaced by him during the period of the hire;
- (d) make good any damage to the hall or to the fixtures and furniture therein or fences on the premises, caused during and arising out of the hiring.

###### FURNITURE

5. All removals, replacements and rearrangement of furniture and cleaning of the hall shall be completed before 10 o'clock in the morning following the expiry of the period of hire.

in die uitvoering van hul pligte ingevolge hierdie regulasies; of

- (c) wat weier dat die geneeskundige gesondheidsbeampte hom ingevolge die bepalings van regulasie 5 van hierdie Hoofstuk medies ondersoek of die tehuis weer binnegaan nadat hy daaruit verwyder is ingevolge genoemde regulasie en voordat hy weer toegelaat is om dit weer binne te gaan; of
- (d) wat versuim, nalaat of weier om gehoor te gee aan 'n bevel uitgereik ingevolge regulasie 6 (13) van hierdie Hoofstuk of wat nadat hy daaraan gehoor gegee het sonder die tehuissuperintendent se toestemming weer die tehuis binnekome; of
- (e) wat 'n inwoner van die tehuis was en versuim of weier om die tehuis onverwyld te verlaat nadat hy aldus beveel is deur die tehuissuperintendent ingevolge die bepalings van regulasie 18 van hierdie Hoofstuk;

begaan 'n misdryf en is strafbaar met die strawwe voorgeskryf in artikel 36 van die Proklamasie.

#### HOOFSTUK IV.

##### GEMEENSKAPSALE.

###### AANSOEK OM HUUR.

1. Enige persoon wat 'n saal wil huur, moet by die superintendent daarom aansoek doen en sodanige besonderhede verstrek as wat van tyd tot tyd verlang word.

###### TOESTAAN VAN AANSOEK.

2. Die superintendent besluit geheel en al na goeddunke of hy 'n aansoek om die huur van 'n saal sal toestaan of nie.

###### TARIEF VIR HUUR.

3. (1) Die tarief vir die huur van 'n saal is dié wat in Aanhangsel V van hierdie regulasies uiteengesit is. Alle betalings vir die huur van 'n saal moet vooruit by die kantoor van die superintendent gedoen word.

(2) Die superintendent kan, na goeddunke, van die applikant 'n deposito eis ten bedrae van hoogstens R10.00 om die Raad te vrywaar teen enige breekskade, verlies van of beskadiging aan enige eiendom van die Raad.

###### VERANTWOORDELIKHEID VAN HUURDER.

4. Die huurder moet by verstryking van die huurtydperk —

- (a) die saal in 'n skoon, netjiese en sanitêre toestand laat;
- (b) alle meubels wat tydens die huurtydperk deur hom of namens hom daarin gebring word, verwyder;
- (c) meubels of dergelyke toebehore wat deel uitmaak van die normale uitrusting van die saal en wat tydens die huurtydperk daarvan deur hom verwyder of verskuif is, terugsit en herrangskik;
- (d) enige skade aan die saal of die vaste toebehore en meubels daarin of heinings op die perseel, wat tydens en as gevolg van die huur aangerig is, vergoed.

###### MEUBELS.

5. Alle meubels moet voor 10-uur die oggend wat volg op die verstryking van die huurtydperk verwyder, teruggesit en herrangskik word en die saal skoongemaak word.

**GOOD CONDUCT OF PERSONS USING THE HALL**

6. The hirer shall be responsible for the good conduct and orderliness of all persons allowed on the premises during the period of hire and shall take all reasonable steps to ensure the good and orderly conduct of such persons during such period.

**TERMINATION OF HIRE**

7. The superintendent may terminate any hire at any time for any of the following reasons;—

- (a) where a breach of these regulations has been committed by the hirer of the hall;
- (b) where damage has been done or is likely to be done to the hall, or any of its fixtures, furniture or fittings.

**CHAPTER V****CHURCHES AND SCHOOLS IN LOCATION****APPLICATION FOR SITE**

1. (1) The Council shall set aside sites in the location which are to be used for church and school purposes only.

(2) Any person desiring the use of a site in the location for church or school purposes shall make written application to the Council therefor and shall furnish such particulars as may be required.

**GRANTING OF APPLICATION**

2. The granting of any application for the use of a site for church or school purposes shall be in respect of a specified site only and shall, subject to authority and approval being obtained in terms of section 35 (8) of the Proclamation, be in the discretion of the Council.

**APPLICATION FOR CHURCHES**

3. No application by or on behalf of any church shall be considered unless proof to the satisfaction of the Council has been produced that —

- (a) such church has an enrolled membership of not less than 200 members in the urban area;
- (b) such church has in its immediate possession sufficient assets to enable it satisfactorily to complete the proposed building on the site applied for.

**RENTAL**

4. The rental of any site shall be fixed by the Council in its agreement with the grantee.

**ERECTION OF BUILDINGS ON SITE**

5. The application for a site shall be accompanied by a properly drawn plan, in duplicate, of the proposed buildings to be erected on the site and no building operations shall be commenced before the Council has approved such plan. Such buildings shall be completed within a period of six months of the date of the granting of such site. The Council may, in its discretion, extend such period for as long as it may deem fit.

**FENCING**

6. The grantee shall fence the site in a neat and workmanlike manner with material and to a design approved by the superintendent.

**GOEIE GEDRAG VAN PERSONE WAT DIE SAAL GEBRUIK.**

6. Die huurder is verantwoordelik vir die goeie gedrag en ordelikheid van alle persone wat tydens die huurtydperk op die perseel toegelaat word en moet alle redelike stappe doen om te verseker dat sodanige persone hulle tydens sodanige tydperk behoorlik en ordelik gedra.

**OPSEGGING VAN HUUR.**

7. Die superintendent kan enige huur te eniger tyd om enige van die volgende redes opsê:—

- (a) waar hierdie regulasies deur die huurder van die saal oortree is;
- (b) waar skade aan die saal of enige vaste toebehore meubels of toebehore daarin aangerig is of moontlik aangerig sal word.

**HOOFSTUK V.****KERKE EN SKOLE IN LOKASIE.****AANSOEK OM PERSEEL.**

1. (1) Die Raad sit persele in die lokasie opsy, wat slegs vir kerk- en skooldoeleindes gebruik kan word.

(2) Enige persoon wat die gebruik van 'n perseel in die lokasie vir kerk- of skooldoeleindes verlang, moet skriftelik by die Raad aansoek daarom doen en sodanige besonderhede verstrek as wat verlang word.

**TOESTAAN VAN AANSOEK.**

2. 'n Aansoek om die gebruik van 'n perseel vir kerk- of skooldoeleindes word slegs ten opsigte van 'n gespesifiseerde perseel toegestaan en word behoudens die verkryging van magtiging en goedkeuring ingevolge artikel 35 (f) van die Proklamasie na goeddunke van die Raad toegestaan.

**AANSOEK OM KERKE.**

3. Geen aansoek deur of namens 'n kerk word oorweeg nie, tensy bewys tot tevredenheid van die Raad gelewer is dat —

- (a) sodanige kerk 'n ingeskrewe ledetal van minstens 200 lede het in die stadsgebied;
- (b) sodanige kerk in sy onmiddellike besit voldoende bates het om hom in staat te stel om die voorgestelde gebou op die perseel waarom aansoek gedoen is, op bevredigende wyse te voltooi.

**HUURGELD.**

4. Die huurgeld van 'n perseel word deur die Raad in sy ooreenkoms met die konsessionaris vasgestel.

**OPRIGTING VAN GEBOUE OP PERSELE.**

5. Die aansoek om 'n perseel moet vergesel gaan van 'n behoorlike getekende plan, in duplo, van die voorgestelde geboue wat op die perseel opgerig sal word en daar mag nie met bouwerkzaamhede begin word voordat die Raad sodanige plan goedgekeur het nie. Sodanige geboue moet binne 'n tydperk van ses maande na die datum waarop sodanige perseel toegestaan is, voltooi wees. Die Raad kan, na goeddunke, sodanige tydperk verleng vir solank as wat hy goed ag.

**OMHEINING.**

6. Die konsessionaris moet die perseel op 'n netjiese en deeglike wyse omhein met materiaal en volgens 'n ontwerp wat deur die superintendent goedgekeur is.

**REPAIR AND CLEANLINESS OF PREMISES**

7. The grantee shall keep all buildings and other structures in a good and proper state of repair and in a clean and sanitary condition.

**WATER AND SERVICES**

8. The grantee shall, if required by the Council —
- (a) at his own expense provide, install, lay down and maintain upon his premises pipes and other apparatus for a supply of water by the Council and shall thereafter apply to the Council for a connection and supply thereto;
  - (b) pay for all water supplied and the removal of rubbish, and sanitary and other services rendered by the Council on such site; and
  - (c) pay such amount as may be prescribed for the installation of water or electricity, including a deposit for meters.

**USE OF BUILDINGS**

9. (1) If at any time the grantee abandons the site or ceases to use it for the purpose for which it was granted, the Council shall have the right to purchase all buildings and structures on such site at a price to be agreed upon or, failing agreement, to be fixed by arbitration in the manner provided by law.

(2) If the Council decides not to exercise such right of purchase the grantee shall, upon being called upon to do so by the Council, remove all such buildings and structures at his own expense. Where such removal is not effected by the grantee the Council shall be entitled to enter upon the site and remove such buildings and structures at the expense of the grantee: Provided that nothing herein contained shall prohibit the grantee from disposing of the buildings on the site to a church or school approved by the Council.

**LIMITATION OF USE OF SITES**

10. The grantee shall not, without the written consent of the Council, use any building or other structure on the site for any purpose other than that for which it was granted.

**DISPOSAL OF BUILDINGS**

11. The grantee shall not dispose of any building or other structure on the site without the written consent of the Council.

**RESIDING ON SITE**

12. No person shall reside on any church or school site except with the prior written consent of the superintendent.

**CONCLUSION OF AGREEMENT**

13. In respect of any site set aside for church or school purposes, the grantee shall enter into an agreement of lease with the Council, which shall contain additional conditions and which shall be subject to the approval of the Minister.

**EXISTING CHURCH AND SCHOOL SITES**

14. Any lease in respect of existing sites shall on expiry of the term of the lease be renewed in terms of the preceding regulations.

**REPARASIE EN SINDELIKHEID VAN PERSELE.**

7. Die konsessionaris moet alle geboue en ander strukture in 'n goeie en behoorlike onderhoudstoestand en in 'n sindelike en sanitêre toestand hou.

**WATER EN DIENSTE.**

8. Die konsessionaris moet, indien die Raad dit vereis —
- (a) op eie koste op die perseel pype en ander apparaat verskaf, installeer, aanlê en onderhou vir 'n water-toevoer deur die Raad en moet daarna by die Raad om 'n aansluiting en toevoer daarheen aansoek doen;
  - (b) vir alle water wat gelewer word, asook vir die verwydering van rommel, sowel as vir sanitêre en ander dienste wat deur die Raad op sodanige perseel gelewer word, betaal; en
  - (c) sodanige bedrag betaal as wat voorgeskryf word vir die installasie van water of elektrisiteit, met inbegrip van 'n deposito ten opsigte van meters.

**GEBRUIK VAN GEBOUE.**

9. (1) As die konsessionaris te eniger tyd die perseel verlaat of ophou om dit vir die doel te gebruik waarvoor dit toegestaan is, het die Raad die reg om alle geboue en strukture op sodanige perseel te koop teen 'n prys waarvoor onderling ooreengekom word, of wat, by onstentenis van ooreenkoms, op die wyse by wet bepaal by wyse van arbitrasie vasgestel moet word.

(2) As die Raad besluit om nie van sodanige koopreg gebruik te maak nie, moet die konsessionaris, wanneer hy deur die Raad aangesê word om dit te doen, al sodanige geboue en strukture op eie koste verwyder. Waar sodanige verwydering nie deur die konsessionaris uitgevoer word nie, het die Raad die reg om die perseel te betree en om sodanige geboue en strukture op koste van die konsessionaris te verwyder: Met dien verstande dat geen bepaling hierin vervat die konsessionaris belet om die geboue op die perseel van die hand te sit aan 'n kerk of skool wat deur die Raad goedgekeur is nie.

**BEPERKING OP GEBRUIK VAN PERSELE.**

10. Die konsessionaris mag nie sonder die skriftelike toestemming van die Raad enige gebou of ander struktuur op die perseel gebruik vir 'n ander doel as dié waarvoor dit toegestaan is nie.

**VAN DIE HAND SIT VAN GEBOUE.**

11. Die konsessionaris mag geen gebou of ander struktuur op die perseel sonder die skriftelike toestemming van die Raad van die hand sit nie.

**BEWONING VAN PERSEEL.**

12. Niemand mag op 'n kerk- of skoolperseel woon nie, behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die superintendent.

**AANGAAN VAN KONTRAK.**

13. Ten opsigte van enige perseel opgesit vir kerk- of skooldoeleindes moet die konsessionaris 'n huurkontrak met die Raad aangaan wat bykomende voorwaardes bevat en deur die Minister goedgekeur moet word.

**BESTAANDE KERK- EN SKOOLPERSELE.**

14. Enige huurkontrak ten opsigte van bestaande persele moet by verstryking van die huurtermyn ingevolge die voorafgaande regulasies hernieu word.



## CHAPTER VI

## TRADING

## SOLICITING ORDERS

1. No person shall, without the prior written approval of the superintendent, solicit or attempt to obtain orders within the location for any trade or business not conducted in the location.

## TRADING SITES

2. The Council may set aside sites in the location and may erect buildings thereon for allotment to Natives for trading or business purposes: Provided that it shall be lawful for the Council to grant permission to any Native who, at the date of the coming into operation of these regulations, is carrying on any lawful trade or business in the location, to continue to carry on, on such terms and conditions as the Council may prescribe and subject to the provisions of these regulations, such trade or business. For the purpose of regulation 26 of this Chapter, where such business is conducted on any site, such site shall be deemed to have been allotted in terms of these regulations as from the date of commencement of these regulations

## AUTHORITY TO COMMENCE TRADING

3. (1) No person shall carry on any trade or business on any site in the location unless such site has been allotted to him for that purpose by the Council: Provided that nothing contained herein shall absolve any person from obtaining any licence or other authority which is required by any other law as a condition precedent to the commencement of any such trade or business.

(2) Any Native male resident of the location, who is over 21 years of age and who desires to carry on any trade or business on any site or in any building erected by the Council, shall make written application wherein the nature of such trade or business shall be disclosed to the Council, which may in its discretion, subject to the conditions contained in these regulations, allot to the applicant a site or building, if any is available, on or in which he may carry on his trade or business and issue to him a trading site permit substantially in the form set out in Annexure VI.

## AVAILABLE SITES OR BUILDINGS TO BE ADVERTISED

4. Should any trading site or building be available for allotment, the superintendent shall publish a notice inviting applications for the allotment of the site or building to be lodged in writing at his office not later than a date to be specified in such notice, being not less than 14 days from the date of publication of such notice. All applications received shall be forwarded by the superintendent to the Council for decision.

## ONLY NATIVE TRADERS AND ASSISTANTS PERMITTED TO TRADE

5. No site or building in the location shall be let for trading or business purposes to a person who is not a Native and no person who is not a Native shall be employed on any such site or in any such building.

## HOOFSTUK VI.

## HANDEL DRYF.

## WERWING VAN BESTELLINGS.

1. Geen persoon mag sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die superintendent binne die lokasie bestellings werf of probeer verkry vir enige handel of besigheid wat nie in die lokasie gedryf word nie.

## HANDELSPERSELE.

2. Die Raad kan persele in die lokasie opsysit en geboue daarop oprig vir toekenning aan inboorlinge vir handels- of besigheidsdoeleindes: Met dien verstande dat dit vir die Raad wettig is om aan enige inboorling wat op die datum van die inwerkingtreding van hierdie regulasies enige wettige handel of besigheid in die lokasie dryf, toestemming te verleen om sodanige handel of besigheid voort te sit op sodanige voorwaardes as wat die Raad voorskryf en behoudens die bepalings van hierdie regulasies. Vir die toepassing van regulasie 26 van hierdie Hoofstuk, waar sodanige besigheid op enige perseel gedryf word, word sodanige perseel geag ingevolge hierdie regulasies toegeken te gewees het met ingang van die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasies.

## MAGTIGING OM TE BEGIN HANDEL DRYF.

3. (1) Niemand mag enige handel of besigheid op enige perseel in die lokasie dryf nie, tensy sodanige perseel vir die doel deur die Raad aan hom toegeken is: Met dien verstande dat geen bepaling hiervan enige persoon vrystel van die verkryging van enige lisensie of ander magtiging wat by enige ander wet vereis word voordat met enige sodanige handel of besigheid 'n aanvang gemaak mag word nie.

